Boerebasaar 29 Mei 2021

Ons sien uit na die Dankfees - Boerebasaar wat ons vir 29 Mei beplan. Dit sal ‘n bietjie anders wees as voorheen, maar ons terrein kan gemaklik 500 mense hanteer en ons wil ‘n slag ordentlik KUIER! Indien die inperkingsvlakke verander, sal ons die datum verskuif. Ons benodig koeke, terte en gebakte poedings asook mense wat kan help met teeskink en stalletjies beman (of bevrou). Skakel Ninette (082 829 2062), Hennie (083 442 4626) of Nelius (082 890 8820) in dié verband. Die volgende basaar-vegadering is Woensdag-aand 12 Mei om 18:00 in die konsistorie. Daar is ook Dankkoeverte beskikbaar waarmee ons op 30 Mei spesiaal gaan kom dankie sê!

Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na ngwonderboom@gmail.com.

Was ‘n Woef mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies. **Linda 084 344 7993**

CLE Finansiële Dienste FSP 12700 Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
Carel Hollenbach 082 901 2441

R $ £ € FSP 589
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd. **SA Batebestuur 012 567 7657**

Relaxatia Beauty Salon
Welcome to relaxation. We offer a wide variety of in-salon treatments. Facials, lash services, make up, waxing, tinting, massages, spraytan, gel & acrylic nails, manicures & pedi-cures, kiddies treatments and slimming treatments. We also stock a wide variety of professional products. **079 235 4538**

GEBEDSBRIEF
Wonderboom Ned. Geref. Gemeente
2 Mei 2021

Besoek ons WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Dr Nelius Steyn 09:00	Wat beteken God se seën?	Genesis 12:2b Ek sal jou seën en jou ’n man van groot betekenis maak, en jy moet tot ’n seën wees.
Ds Attie Venter 09:00 Soetdoring	God maak oorwin-naars van ver-loorders.	Psalm 27:1 Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?
Daar is nie	Aanddienste	tydens die vakansie nie

CORONA GEBED:
Bid vir ons land en die wêreld: 152 113 721 mense het wêreldwyd die virus gekry. 130 028 729 (85,5%) het gesond geword en 3 196 379 het gesterf (2.1%). Daar is al 595 234 872 mense wêreldwyd inge-ent. In Suid-Afrika het 1 581 210 mense dit gekry, 54 350 gesterf (3,4%) en 1 505 620 (95,2%) gesond geword. Daar is ook al 317 656 mense inge-ent. (Stats @ Sat 01/05/21 om 14:30).

Garage verkoping 28-30 April: Baie dankie aan elkeen wat gehelp, items geskenk en kom koop het! Ons sal eersdaags finale syfers deurgee.

Kerkraad:
Op die kerkraadsvergadering 15 Mrt '21 is Derick Spies en Ashton van Niekerk as kerkraadslede verkies. Bid asb. vir hulle om die leiding van die Here in dié verband.

Offergawes en Lofoffer
Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee. Ons leef in moeilike tye waar die gemeenskap en die gemeente swaar trek.

U kan u dankoffer EFT of skandeer met Zapper of in 'n erediens of in 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Bid asb. vir die finansies van ons gemeente/gemeenskap.
Ons bankbesonderhede:
NG Gemeente Wonderboom,
ABSA
Tjek-rekening,
Reknr: 526 015 1136
Sinoville Tak 632005.

Jaarlikse Gholfdag:
Ons hou DV op 4 Aug weer 'n Gholfdag by Wingate Park. Kontak Ninette asb. 082 829 2062 indien u gholf speel of van enigiemand weet wat gholf speel.

Junior en Senior Kategese: Neem 9 Mei 2021 weer 'n aanvang.
BELYDENISAFLEGGING - van die 2020 Belydenisgroep vind Sondagaand 9 Mei om 18:00 vanuit Overkruin gemeente plaas. Daar word ook 'n afrondingskamp op ons terrein gehou op 7-8 Mei.

Bid asb. vir:
Siekes: James Gainsford, Gertruida Janse van Rensburg, Stefan Botma, Maggie Grobbelaar, Bets Kluson, Martin Vorster, Ninette Barnard, Geoff Holland-Muter, Alf van Wyk, Doris Ferreira, Andre Botha, Sarah Esterhuyse en Hennie van der Walt.
Beterskap: Louise Jansen van Vuuren. (Besoek gerus die webblad vir 'n uiteensetting van die wonderwerk wat God in Louise en Arnold se lewe gedoen het: https://www.facebook.com/154422821283773/posts/4036763009716382/?sfnsn=scwspwa.
Bedroefdes: Julandi Mathee en haar familie met die skielike afsterwe van haar man, Maans Mathee.
Johannes Mokhine (terreinwerker), sy dogter en hulle familie wie se kleinseun (baba van 5 mnde) laas week oorlede is.

PINKSTER

Ons sien uit na die gesamentlike Pinkster waarby Doornpoort, Magalieskruin, Montana, Overkruin, Wonderboom asook die HK Montana betrokke is. Dit word aangebied deur Montana NGK en dr. Thinus van Staden (NHK) lei dit. Tema: Die hemel oopgeskeur: Pinkster met Markus.
Die temas word virtueel voorberei en wat ons betref gaan Wonderboom en Overkruin dit so hanteer: Do 13 Mei en Maan-Don 17-20 Mei word 'n diens in ons kerkgebou aangebied om 10:00 en om 19:00 in Overkruin. U hoef nie vir Wonderboom te bespreek nie, maar bespreek asb. vir die dienste by Overkruin (012 567 2177).

Die Pinksterprogram is dus soos volg:
Hemelvaart 13 Mei 10:00 (WB) en 19:00 (OV)
Sondagoggend 16 Mei 09:00 (WB)
Sondagaand 16 Mei 19:00 (OV)
Maandag 17 Mei tot Donderdag 20 Mei
om 10:00 (WB) en 19:00 (OV).
23 Mei om 09:00 (WB) vier ons Pinksterfees en nagmaal!

Berei uself geestelik voor. Bid dat dit 'n groeigeleentheid vir ons sal wees!